


REÜNIE

NUUSBRIEF





Brief van Pieter van Jaarsveld



Dagsê aan al die Oumanne!

Die ratte van ons 50-jaarreunie het amptelik begin draai! Wat 'n belewenis wag op ons wanneer vyf dekades se inwoners by Helshoogte sal saamtrek. By die Reüniekomitee se eerste vergadering op 14 September was daar reeds hope 'Onthou jy nog?'-stories en skaterlag oor al die goeie tye. Dit sal heerlik wees om te luister na nóg van hierdie stories van die manne wat Helshoogte die beste manskoshuis op Stellenbosch help maak het.

Ek is sedert die vorige reunie nie meer deel van die Oudbond- (OB-)komitee nie en het laas in 2018 met julle gekommunikeer. Die huidige OB-komiteevoorsitter, Stompie Buys, het my egter genader om namens die OB die reüniereëlins saam met die Huiskomitee te help tref. Dankie vir die voorreg!

In hierdie brief bied ek besonderhede oor die reunie, en ek het ook die huidige Huiskomitee-lede Johan Hanekom en James du Preez gevra om 'n bietjie koshuisnuus in te sluit.

Helshoogte
Presents:
**50TH
REUNION**
Dis al.


Helshoogte
Stellenbosch 1973
Dates
15-17 Sept 2023
@ Helshoogte

The celebration of a half-century
worth of memories!

Ticket Prices: not yet available
Tickets available online - early 2023

Baie van ons sou verkies het om in Mei reünie te hou omdat Helshoogte amptelik op 12 Mei ingehuldig is. Nietemin sou dít in stryd wees met die Universiteit se regulasie dat geen amptelike byeenkomste in die twee weke voor 'n eksamen-/toetsreeks mag plaasvind nie. Verskeie naweekmoontlikhede is oorweeg, en daar is uiteindelik op die naweek van 15 tot 17 September 2023 vir ons reünie besluit, wat ook die Universiteit se Tuiskomsnaweek sal wees.

Dit hou 'n aantal voordele in, soos dat die Universiteit ons met bemarking, finansiële bestuur, reëlins en selfs 'n geldelike bydrae sal help. Boonop bied dit ons meer tyd om 'n voortreflike geleentheid te beplan. En omdat die naweek in die reses val, sal ons nie huidige inwoners se programme omvergooi nie.

'n Paar ander koshuise sal ook in dié tyd reünie hou, waaronder Irene (60), Pieke, Oude Molen, Libertas en Aristeia (50), Lydia (65), Sonop (85) en Nerina (55). Wilgenhof (120) en Huis Marais (75) moet nog oor hulle reünies besluit.



VOORLOPIGE PROGRAM

Uit gesprekke met van die Oumanne het 'n paar vereistes duidelik geword, naamlik dat daar genoeg kuiertyd moet wees, en dat koste so ver moontlik beperk moet word, veral vir jonger alumni wat nog huis opsit en met 'n gesin begin. Met dít in gedagte, is die voorlopige program soos volg:

Vrydag, 15 September:

Registrasie begin om 15:00

Koshuisrugby 17:00

Aand: Veiling en verkiesing van die nuwe OB-komitee vir die volgende vyf jaar. Die program sal so saamgestel word dat daar genoeg tyd is om stories van die afgelope 50 jaar uit te ruil. Die hoofdoel sal wees om 'n geleentheid te bied vir 'n behoorlike kuier en om ou vriendskapsbande te verstewig.

Saterdag, 16 September:

Oggend: Gholf en ander sportgeleenthede

19:00: Semiformele dinee in Helshoogte, wat metgeselle insluit

Sondag, 17 September:

09:00: Keuse tussen meditasie, kerkdiens of eie tyd

10:00: Laatontbyt ter afsluiting

Verdere besonderhede sal nader aan die tyd bepaal en bekend gemaak word.

BEMARKING

Helshoogte was oor die jare 'n tuiste vir duisende studente, en daar is baie vir wie die Universiteit en die koshuis nie huidige kontakbesonderhede het nie. Help ons asseblief die reünie bemark deur jou portuur en ander oud-Helshoogters van wie jy dalk weet daarvan te vertel en hulle inligting na oldboys@helshoogte.com te stuur.

As jy boonop bewus is van individue of instellings wat bereid sal wees om die geleentheid of 'n deel daarvan te borg, laat weet ons gerus.

Ons wil ook graag ons argiefversameling uitbrei. Stuur daarom asseblief jou Helshoogtefoto's (en enige interessante video's of stories) na die e-posadres hierbo.

Beste wense, tot ons mekaar volgende jaar sien.

Dis Al.

Pieter van Jaarsveld

**Primarius
(73/74)**

Johan Hanekom

**Huis Komitee
(2021/2022)**

James du Preez

**Huis Komitee
(2022/2023)**





Aan die Oumanne

Primarius Brief

Vir baie van ons strek ons ervaring van en herinneringe aan Helshoogte veel verder as die negeverdiepinggebou, die eetsaal of die dek.

Ons onthou eerder die mense wat ons ontmoet het, die vriende wat ons gemaak het en die goeie herinneringe wat ons opgebou het in ons tyd in Helshoogte. Daarom is dit nie die gebou wat dit Helshoogte maak nie, maar die gemeenskap wat hier woon en die gevoel van samehorigheid wat ons skep.


Ons kan nie wag om vorige geslagte Helshoogters wat nes ons hierdie gange bewandel het, terug te verwelkom nie. Ons sien daarna uit om bande te bou met diegene wat voor ons hier was.

In 2023 sal die Helshoogtegemeenskap reeds 50 jaar lank bestaan en floreer. Ons is opgewonde om alle geslagte Helshoogters terug te nooi na die gemeenskap en ruimte waarvoor ons so lief is en wat ons so diep koester, om ons 50-jaarreünie te vier.

Ons is reeds hard aan die werk om 'n reünie aan te bied waar ons as Helshoogters kan bande bou, tyd saam kan deurbring, die ou dae kan herleef en stories kan uitruil. Ons hoop om soveel moontlik van julle terug te verwelkom, en dat dit 'n viering sal wees wat ons nog lank sal onthou.

Blouhoendergroete uit Stellenbosch.

Emile Streicher
Primarius
(2021/2023)



Sinyuka Sonke

Deur Thomas Laskey



Botmanskop. 06:00. 'n Groep gwappies staan stil en bibber op die spits. Die bytende wind huil, maar hulle gee nie om nie. Die eerste strale oggendson flikker oor hulle gesigte terwyl hulle saam die Kaapse tonele op die horison bewonder. Hulle gewone getjommel het plek gemaak vir 'n stille ontsag, nie soseer vir die omgewing nie, maar vir die oomblik.

Bergklim is die oudste tradisie wat ons as 'n huis beoefen. Die klim dateer nog van voor baie van ons pa's (waaronder myne) se universiteitsdae. Dit is die naskrif van 'n maande lange verwelkomingsverhaal.



In die baie gesprekke waar ek al my bergklimstorie vertel het, vra mense dikwels: "Maar waarom?" Ek het tot onlangs nie juis 'n duidelike antwoord gehad nie, net onuitspreeklike emosie. Maar nadat ek die berg 'n tweede keer uitgeklim het, is ek nou reg met my antwoord: Vir die storie.

Tog is dit nie net 'n storie nie. Dit is ons storie. Ons huisleuse, "Sinyuka sonke", beteken letterlik 'Ons klim saam'. Saam sukkel ons voort deur die vallei. Saam klim ons tot bo. Saam moedig ons mekaar aan om al hoe hoër te mik. Bergklim verteenwoordig wie ons is – ons 330 broers wat voortdurend na meer streef. Dís wat bergklim spesiaal maak.

Ek glo dit is ook waarom so baie seniors jaarliks die bergklimstorie wil herleef: as 'n herinnering om aan te hou om hulleself en hulle broers tot groter hoogtes aan te spoor.

Daar waar ek in stilte op die spits staan met die koel herfslug om my, eggo die woorde van die Nieu-Seelandse bergklimmer Edmund Hillary deur my kop: "Ons oorwin nie die berg nie, maar onself."



Die lesse van 'n virus

Deur Hans Storm

Ons sal waarskynlik nooit weer na 'n deurhandvat, kitsbankknoppie of pen kyk sonder om ons vir 'n breukdeel van 'n sekonde te verbeel dat dit wemel van daardie stekelrige bobbels met die vassuigvoetjies nie – die koronavirus. Covid-19 het Stellenbosse tradisies weliswaar in 'n wilde nuwe rigting gestuur. Met ons terugkeer na Stellenbosch in 2021 het ons verwag om 'n "normale" jaar te hê, net met maskers op. Maar dis allermens wat op ons gewag het.

Helshoogte se tradisies is diep vasgelê in studente se harte. Om wakker te word met die geraas van die gwap-alarm in jou ore, en dan te besef dis Derby. Daardie bruisende opwinding om saam met 'n paar blougeverfde en geveerde eerstejaars by die gebou uit te hardloop. Die oorlogskreet van al die entoesiastiese Helshoogters. Om die hele dag lank nonsens te praat met Eendrag, en later die oorwinnings van die dag met 'n lekker braai te vier.

Dink aan die aande wanneer die manne verwoed rondhardloop op soek na dasse en pakke om hulle huisdansmaat te beïndruk. Gwappe wat op die seniors se beddens stryk. Die eetsaal wat in 'n glansryke dansvloer omskep word. Varsitybeker met die oorverdowende geskree van die skare om jou. Hoe die skeidsregter outomaties jou grootste vyand word.

Met Covid-19 en beperkings op besoekers is 'n lewe van versigtigheid en vrees op ons almal afgedwing. Of is dit maar net wat ons onself wysmaak? Verwelkomingsweek 2021 het toe plaasgevind, en so ook AMC, Hoenderweek, al die vloernaweke, en vele meer. Die moraal van die verhaal? Dat Helshoogte oor die mense en die tradisies gaan, en nie die gebou nie. Al wat ons kan doen, is om die tradisies wat ons graag wil behou, by ons omstandighede aan te pas.

Helshoogte het in 2021 bereik wat ons nooit gedink het moontlik sou wees nie. Ons het 'n besoekersbeleid geïmplementeer, 'n alkoholbeleid aangevoer en al ons groepgeleenthede aangebied, waaronder ons eerste volle huisvergadering sedert 2018. Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg.

Ons gedagtes is steeds 'n warboel en ons hunker na 'n terugkeer na "normaal". Ons probeer ons toekoms met ons verlede verbind, en weier om die onderbreking tussen die twee te erken. Maar die onderbreking is 'n realiteit. En te midde van al die gekla, bied dit ons 'n geleentheid om die swartgalligheid waarin ons vasgeval het te heroorweeg. Dan besef jy niks kan erger wees as om terug te keer na normaal nie. Covid-19 is nie 'n verskoning vir wat ons verloor het nie; dit is 'n rede om te innoveer sodat ons kan aanhou doen wat ons doen, net beter. Indien nuwe tradisies uit ou tradisies geskep moet word, het Helshoogte nimmereindigende potensiaal. Nuwe sportdae, nuwe Derbies, kultuuraande, huisbyeenkomste, kuiers. Dis alles op pad.





Haak, Vrystaat!

Die afgelope twee jaar was moeilik. Weg was die skrums, drieë en doelskoppe. Weens pandemiebeperkings kon ons nie soos gewoonlik op die sportveld toesak nie. Toeskouersport is vir lank doodgesmoor, en Helshoogters moes maar droëbek sit.

Dink jou dan die vreugde in toe "Rrrrrrrrugby" een stil Dinsdagaand deur Hellies se gange eggo. Die opwinding was voelbaar toe 'n horde hoenders na Coetzenburg afsit. 'n Blou golf beweeg langs die kantlyn van veld F af terwyl 21 aspirantafrigters instruksies in die grensregter se ore skreeu. Die fluitjie blaas, en die huislied word uit volle bors gesing.

Langs die astro, waar ons hokkiespan moeiteloos domineer, spring 'n versameling gwappakke uitgelate op en af. Die skeidsregter wys die tyd is om, en dis net vatvywe waar jy kyk.

Ons sokkerspelers sit elke deurbal met hernude energie na en is klinies in die doelsone. Negentig minute is verby en die vieringe begin.

Ek het die afgelope paar dae met 'n hele paar huislede gesels om te hoor wat hulle oor die terugkeer van kosshuissport te sê het. Seniors gesels oor hulle herinneringe op die veld, gwappies sê dit het hulle verwagtinge oortref, en party sukkel om die regte woorde te vind. Een half-gwap het dit besonder elegant gestel: "Aweh, bru. Jis, res sport is, like, flippen lekker."

Hoe jy dit ook al wil verwoord, ek's seker jy stem saam dat kosshuissport ongetwyfeld vir 'n hele paar herinneringe gesorg het. Ons hoop daar's nog vele meer!



DIE BOONSTE SPORT

Heelwat het in die eerste kwartaal van 2022 op die sportveld gebeur. Nietemin is dit nie 'n samevatting van hoogtepunte óf 'n profiel van Helshoogte se Matie-atlete nie (hoewel ons baie het om oor te spog!), maar eerder 'n kort dankiesêbrief.

Dankie aan elkeen van julle wat sport in hierdie koshuis moontlik maak. Ek was in 'n seunskool in KwaZulu-Natal en het daar eerstehands die krag van sport in gemeenskappe ervaar.

Ek bedank Huiskomitee-lede Mandengu en Swart sowel as Matthew Hannie vir die talle ure wat hulle daaraan wy om te sorg dat Helshoogters hulle op die veld kan uitleef. Julle werk gaan nie ongesiens verby nie.

Dankie aan die ondersteuners wat ons broers so getrou aanmoedig. 'n Ry gwappakke is 'n gegewe by enige wedstryd, onweêr of mooiweêr, vroeg of laat. Ek kan aan weinig ander oomblikke dink wanneer ons broederskap sterker is as langs die sportveld.

Laastens bedank ek graag die spelers wat week na week alles in die stryd werp vir hulle broers. Of jy nou jou opponente op die rugbyveld of die skaakbord takel, na die PGL of PSL streef, of set of skop, jy help bou ons gemeenskap, en daarvoor sê ons dankie.

Dit is gepas om af te sluit met die woorde van iemand wat geweet het hoe om mense bymekaar te bring, ons wyle staatspresident Nelson Mandela: "Sport het die mag om die wêreld te verander. Dit het die mag om te inspireer. Dit het die mag om mense te verenig soos min ander dinge kan."



Dis al.

Dankie dat jy gelees het!

Volg ons gerus op sosiale media
@helshoogte1973
en behou kontak.

Dis al.

